

VRAE EN ANTWOORDE OOR DIE TAALBELEID (2021)

LET WEL: Die antwoorde hieronder verduidelik sommige aspekte van die Taalbeleid (2021) in eenvoudige taal en verskaf ook bykomende inligting. Die Taalbeleid (2021) self bly egter die enigste formele bron om te raadpleeg vir besonderhede van die beleidsbeginsels en –bepalings.

1. Die beskrywing van Afrikaans (kontekstuele oorweging) in die Taalbeleid: waarom word Afrikaans so anders as isiXhosa beskryf? Waarom word die volgende (plaaslike) inligting nie ook ten opsigte van Afrikaans vermeld nie, naamlik inheemse taal, een van die grootste taalgemeenskappe in die Wes-Kaap, ensovoorts?

Aanhaling uit die Taalbeleid (2021):

“IsiXhosa is ’n inheemse taal wat deur een van die grootste taalgemeenskappe in Suid-Afrika, en in die Wes-Kaap in besonder, gebruik word.”

“Afrikaans is ’n internasionaal gerekende taal wat oor verskeie dissiplines heen ’n aansienlike akademiese repertoire ontwikkel het, waartoe die US beduidend bygedra het en steeds bydra. Vaardigheid in Afrikaans ondersteun ook internasionalisering omdat dit ’n geleentheid skep vir leer en navorsing met van die Universiteit se standvastigste akademiese vennootskappe in Nederland en België.”

Volgens die Taakspan vir die Hersiening van die Taalbeleid (2016) beskryf dié formulering ten beste die huidige konteks van isiXhosa en Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch (US). In die kern van die Taalbeleid 2021 (bladsy 3 van die beleid op die taalhersieningswebblad) word daar as volg na die drie tale van die Wes-Kaap verwys: “Sonder om uit die oog te verloor dat die US ook die gemeenskappe oor die vasteland en die wêreld heen bedien, verbind ons onself tot meertaligheid deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.”

Hoewel die US die siening sterk ondersteun dat Afrikaans ’n inheemse Suid-Afrikaanse taal is, is die instelling gebonde aan die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings, en moet die Taalbeleid (2021) belyn wees met die bepalinge van die dié raamwerk.

Die US het in 2018 in sy omvattende terugvoer op die konsep- hersiene Taalbeleid vir die Hoër Onderwys (2017) sy sterk steun toegesê aan die siening dat Afrikaans ’n inheemse Suid-Afrikaanse taal is. Universiteite is nie ’n geleentheid gegun om kommentaar te lewer op die finale weergawe van die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings voordat dit in Oktober 2020 gepubliseer is nie. Die US het ook dié aangeleentheid onder Universiteite Suid-Afrika (USAf) se aandag gebring. Aangesien die US nie kennis dra van ander universiteite wat die praktiese en koste-implikasies van die nuwe raamwerk verreken het nie, is die aanname dat weinig universiteite nog die geleentheid gehad het om dit te doen. Die US bly verbind tot Afrikaans as ’n inheemse taal, as deel van inklusiewe meertaligheid.

Die Universiteitsraad het by sy vergadering van 21 Junie 2021 die volgende mosie oor inheemse tale aanvaar: “Die US het met kommer kennis geneem van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se klassifikasie [van inheemse tale] in die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020). Die US ondersteun die siening dat Afrikaans en die Khoi- en San-tale inheemse tale is. Die Raad versoek die US-bestuur om gepaste stappe te doen om met die DHOO in gesprek te tree om hierdie kwessie te hanteer.”

Die klassifikasie van Afrikaans, hetsy as ’n inheemse taal of ’n amptelike taal, is egter nie ’n bepalende faktor in die US se voorgestelde Taalbeleid (2021) nie. Die US se Taalbeleid (2016), én nou

ook die nuwe Taalbeleid (2021), se vertrekpunt is individuele en institusionele meertaligheid. Die kern van die nuwe beleid is om aan studente en personeel billike toegang tot US uit te brei, meertaligheid én waardering vir meertaligheid te bevorder, en pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer. Die US bedien ook gemeenskappe oor die vasteland en die wêreld heen, maar is verbind tot meertaligheid deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap – Afrikaans, Engels en isiXhosa – te gebruik soos in die beleid in meer detail bepaal word.

2. **Wat word bedoel met “redelikerwys” en “redelikerwys doenlik”, en hoe word dit gemeet?**

Die Taalbeleid en die implementering daarvan word gerig deur wat in spesifieke kontekste **redelikerwys doenlik** is. Om te bepaal wat redelikerwys doenlik is, word elke geval op meriete en aan die hand van kontekstuele faktore oorweeg, naamlik die getal studente wat by ’n bepaalde metode sal baat vind, die taalvaardigheid van personeel en studente, en hulpbron-, rooster- en lokaalbeperkings.

Tersaaklike faktore wat oorweeg moet word, sluit in, maar is nie beperk nie tot: die aantal studente wat by ’n spesifieke implementeringsmetode sal baat vind; die akademiese taalvaardigheid van die betrokke studente; die beskikbaarheid en akademiese taalvaardigheid van personelede; rooster- en lokaalbeperkings; die US se beskikbare hulpbronne, en die mededingende aanspraak op daardie hulpbronne; en veral ook die drie normatiewe grondbeginsels van die voorgestelde Taalbeleid. Die volgende grondbeginsels moet die vertolking en implementering van die beleid rig:

- Individuele en samelewingsmeertaligheid behoort beskou te word as ’n hulpbron vir kognitiewe ontwikkeling, epistemiese toegang, inklusiwiteit, transformasie, maatskaplike samehang en respek vir alle tale. Meertaligheid strek dus veel dieper as taalvaardigheid – dit is ook ’n gesindheid wat die US onder personeel en studente wil aanmoedig.
- Met sy Taalbeleid streef die US daarna om toegang tot akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste te verbreed en sukses te ondersteun. Taal behoort nie ’n hindernis te wees vir personeel en studente nie.
- Alle aspekte van die Taalbeleid en die implementering daarvan in die akademiese aktiwiteite van die instelling behoort pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer.

Daar moet in ag geneem word dat die studentesamstelling van jaar tot jaar onder meer in terme van taalvaardigheid en taalvoorkeur drasties kan verskil, kampus wyd maar ook in bepaalde omgewings, onder meer koshuise. Die oogmerk met die beleid en die implementering daarvan is om aanpasbaar te wees en vinnig te kan reageer op veranderende behoeftes van personeel en studente.

Fakulteite kan in spesifieke gevalle ’n vrystelling van die beleidsbepalings vir leer en onderrig (Paragraaf 7.1 van die beleid) motiveer, mits die vrystelling met die beginsels van die beleid strook; geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne van die US, pedagogiese kwessies of fakulteitspesifieke oorwegings. Dit is egter belangrik om daarop te let dat taalbeplanning en verslagdoening oor taalimplementering deel uitmaak van ’n formele jaarlikse proses. Die Taalbeleid (2021) gee breedvoerig aandag taalbeplanning (paragraaf 7.4).

Fakulteite moet ook aansoek doen vir vrystellings en kan nie lukraak afwyk van die beleid en hul onderskeie taalimplementeringsplanne nie. Elke fakulteit en verantwoordelikhedsentrum moet ’n jaarlikse taalimplementeringsplan indien en, sodra die Senaat die fakulteite se planne goedgekeur

het, moet dit op hulle onderskeie webtuistes geplaas word sodat studente kan sien watter van die drie taalopsies op hul onderskeie modules van toepassing is.

Veranderings buite die gereelde jaarlikse hersieningsproses word in die fakulteit bespreek en moet by die volgende fakulteitsraad- en Senaatsvergadering voorgelê word. In dringende gevalle kan versoeke aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat voorgelê word. Studente word in sulke gevalle so gou as wat prakties moontlik is van veranderinge en redes vir die veranderinge voorsien. Fakulteite en studentegemeenskappe doen elke semester verslag aan die Viserektor: Leer en Onderrig oor voldoening aan hul onderskeie taalimplementeringsplanne.

3. Wie se verantwoordelikheid is dit om seker te maak die US se webblad is 100% tweetalig (Afrikaans en Engels)?

Die US is 'n komplekse instelling met 'n wye verskeidenheid entiteite. Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking is verantwoordelik vir die oorkoepelende institusionele webbladsye, terwyl fakulteite, departemente, professionele steun- en administratiewe dienste en vele ander entiteite self verantwoordelikheid vir hul webbladsye aanvaar. Daar word van personeel verwag om die voorskrifte in die instelling se beleide, reglemente en protokolle na te kom, en dit sluit dus ook die Taalbeleid in. Lynbestuurders is verantwoordelik om te verseker dat hul personeel die Taalbeleid nakom.

Die Viserektor: Leer en Onderrig moniteer deur middel van verslae die implementering van entiteite se taalimplementeringsplanne en die werksaamhede van die Taalbeplannings- en –bestuurskomitee.

Daar is wel gevalle waar nie alle dokumente tot in die diepste lae van die webblad in Afrikaans en Engels beskikbaar is nie. Een so 'n voorbeeld is die regsopinie van eksterne adviseurs oor die voorgestelde Taalbeleid (2021) wat vroeër vanjaar op die taalhersieningswebblad beskikbaar gestel is.

In akademiese omgewings kan klagtes oor die toepassing van die beleid via fakulteite se klagteprosedures aangemeld word, of by departementele voorsitters, of na die dekaan verwys word. In professionele steun- en administratiewe diensomgewings kan personeel klagtes by hul eie lynbestuurders aanmeld.

Klaers wat van mening is dat hul klagtes nie na behore ondersoek en beantwoord is nie, kan die saak met die US se ombud opneem wat die saak in oorleg met die betrokke omgewing sal besleg: advokaat Rina Meyer by ombudsman@sun.ac.za | 0828072994 | Ryneveldstraat 34, Stellenbosch.

4. Wat is die beleid oor taal in koshuise – vir sosiale en formele kontekste (soos huisvergaderings en huiskomitee-vergaderings)?

In studentegemeenskappe word taal op 'n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys doenlik is, almal ingesluit word en kan deelneem aan die besprekings. Net soos in akademiese omgewings verander die studentesamestelling in koshuise en PSO-wyke elke jaar, en verg dit voortdurend aanpassings om in die behoeftes van studente te voorsien.

Een van die grondbeginsels van die beleid bepaal dat “individuele en samelewingsmeertaligheid behoort beskou te word as 'n hulpbron vir kognitiewe ontwikkeling, epistemiese toegang, inklusiwiteit, transformasie, maatskaplike samehang en respek vir alle tale”. Meertaligheid strek dus veel dieper as taalvaardigheid – dit is ook 'n gesindheid wat die US onder personeel en studente wil aanmoedig. Sulke bewusmakingsprosesse word jaar na jaar herhaal en dit word deel van studente se ontwikkeling en persoonlike groei.

Studentegemeenskappe moet net soos akademiese omgewings ook taalimplementeringsplanne voorlê, en by die Viserektor: Leer en Onderrig verslag doen oor hul voldoening aan die taalimplementeringsplanne.

Klagtes in studentegemeenskappe kan by die betrokke huiskomitee of inwonende hoof ingedien word. As klagtes nie op dié vlak opgelos kan word nie, kan dit aan die Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe gerig word, of verder verwys word na die Senior Direkteur: Studentesake.

Lees meer oor die getuienis oor taalimplementering in koshuise by die [Menseregtekommissie](#) van vroeër vanjaar.

Lees meer oor [taal by die US](#).

5. Waarom was die opstel van die US se taalbeleid so 'n openbare proses met openbare deelname en soveel interne belangegroepes wat betrek is?

Aangesien die Universiteit Stellenbosch 'n openbare hoërsonderwysinstelling is, bepaal 'n kombinasie van Suid-Afrikaanse wetgewing en die instelling se eie Statuut (2019) en interne reglemente hoe die taalbeleidshersieningsproses moet verloop. Dit sluit in die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000), die Wet op Hoër Onderwys, die Statuut van die US en die US se reglement vir Beleids- en Bestuursdokumente.

EKSTERNE FAKTORE

Die Suid-Afrikaanse Handves van Regte waarborg die reg tot 'regverdige administratiewe optrede'. Artikel 33 van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het tot billike en redelike administratiewe optrede. Dit is 'n fundamentele mensereg wat via die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (*Promotion of Administrative Justice Act*) toegepas word. Die oogmerk van die 'PAJA-wet' is om te verseker dat Suid-Afrika se deelnemende demokrasie steeds groei deur die administrasie – dus ook universiteite as openbare instellings - aanspreeklik te hou vir hulle optrede teenoor mense. Die wet maak onder meer voorsiening vir kennisgewing en kommentaar in gevalle waar besluite die algemene publiek raak. So 'n proses gee geleentheid vir belanghebbers om kommentaar te lewer, en moet die kommentaar oorweeg word voordat finale besluite geneem word.

INTERNE FAKTORE

Kragtens die Universiteit Stellenbosch se Statuut (2019) moet die Universiteitsraad die Taalbeleid met instemming van die Senaat die taalbeleid van die instelling bepaal, ooreenkomstig Artikel 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys. Die US se reglement vir Beleids- en Bestuursdokumente skryf ook voor dat alle beleidsdokumente wat akademiese aangeleenthede raak, gelyklopend 'n konsultasieroete via die Senaat en die Institusionele Forum volg voordat die beleid vir goedkeuring aan die Raad voorgelê mag word.

Die reglement bepaal ook dat daar tydens die proses van ontwikkeling en goedkeuring van 'n beleid met eksterne en interne belanghebbers gekonsulteer moet word, byvoorbeeld bestuurstrukture, fakulteitsrade, studenteliggames, personeelverenigings, senaats- en raadskomitees, asook eksterne belangstellendes.

Verwys na die [webblad vir die hersiening van die taalbeleid](#) vir meer inligting oor die hersieningsproses.

6. Beteken die nuwe Taalbeleid dat *alle* interne kommunikasie in drie tale beskikbaar gestel moet word, byvoorbeeld ook die US se webblad en akademiese materiaal?

Die Taalbeleidsraamwerk (2020) vir Openbare Hoëronderrwysinstellings bepaal dat amptelike interne institusionele kommunikasie in drie tale beskikbaar gestel moet word. Amptelike interne institusionele kommunikasie verwys na alle kommunikasie van die Kanselier, die Universiteitsraad, die Senaat, die Rektor en Visekanselier, die viserektore, die Bedryfshoof of die Registrateur wat aan die hele universiteit versprei word. Dit is dus nie van toepassing op die US se webblad en akademiese materiaal nie.

In sekere programme word isiXhosa reeds naas Afrikaans en Engels gebruik met die oog op die fasilitering van doeltreffende leer en onderrig, veral waar die gebruik van isiXhosa belangrik kan wees vir loopbaandoeleindes. Die US is daartoe verbind om die gebruik van isiXhosa uit te brei in soverre dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is, byvoorbeeld deur onderwyseropleiding, kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir personeellede en studente, loopbaanspesifieke kommunikasie, dissiplinespesifieke terminologiegidse (gedruk en mobiele toepassings in drie tale) en taalgidse.